

Doel van hierdie begeleidingsmateriaal:

- om jou vertrouwd te maak met 'n leefstyl waar jy Jesus navolg;
- om dissipelskap as 'n leefwyse van innerlike transformasie, wat strek oor jou hele lewe in alle seisoene van jou lewe, in te oefen;
- om dissipelskap te beleef as 'n dinamika in jou lewe waarmee jy ander en die lewe self positief impakteer.

Bronne

- Hoogland-Leefstylgids Weergawe #2
- Hoogland-Leefstylgids Weergawe #2 Dissipelskap – 'n Geloofsreis van Innerlike Transformasie in 5 Lewensruimtes

Riglyne:

- Julle hoef nie voor te berei vir die ontmoeting nie – alhoewel voorbereiding ook 'n geloofsdissipline is wat meriete het.
- Julle hoef nie die materiaal in een ontmoeting af te handel nie. Elke groep bepaal sy eie ritme.
- Persone wat hierdie materiaal op hulle eie gebruik, moet asseblief dit vrae self aanpas.



**Wees met God
Haal asem**

**Ontmoeting 4 – Lewensruimte: Wees met God
Dissipelskap**

(Hoogland-Leefstylgids Dissipelskap bladsy 16-22)

1. Oriëntasie: Raak bewus van God se teenwoordigheid

- 1.1. Bid hierdie frase uit die gebed van Rowland Croucher (Die reis saam met U – bladsy 48 Hoogland-Leefstylgids – Dissipelskap):

*Here, op die reis saam met U, sukkel ek veral met my neiging
om ander te veroordeel vir dinge waaraan ek sêlf skuldig is,
maar dan nie die moed het om dit in myself te konfronteer nie.
Here, ek wil graag verander,
maar nie net met 'n kosmetiese regstelling nie.*



**Bewus
van God**

Reik asseblief met u genesende hand tot in my diepste wese,
om uit te sny waar nodig, te reinig, te transformeer.
Ek is so moeg van bolangs skoonmaak,
sonder om regtig te verander.

- 1.2. Waaraan laat die woorde **kosmetiese regstelling** en **transformeer** jou dink as jy dit toepas op jou geloofslewe?

2. Lees: Jesus se uitnodiging

2.1. Bybelteks: Matt. 4:19

- Kom...:** Jesus rig hierdie uitnodiging uit genade. Dit is waar alles begin.
- ... kom saam ...:** Dit is 'n lewenslange reis en nie 'n blitskursus of *quick fix* nie. Daar is verskillende seisoene in hierdie reis: deur woestyne, donker tye, goeie tye.
- ... saam met My ...:** Dit gaan oor 'n verhouding met Jesus en leer om saam met Hom te leef.
- ... Ek sal julle maak ...:** Jesus wil graag ons lewens radikaal transformeer.
- ... vissers van mense:** Daar is 'n fokus op mense en 'n liefdesdiens aan mense.



- 2.2. Watter deel van Jesus se **uitnodiging** in hierdie verse dink julle verstaan ons nie meer nie?


3. Luister en Gesels – Dissipelskap

(Hoogland-Leefstylgids – Dissipelskap bladsy 16-20)

Ons sit 4 lense op dissipelskap: Dissipelskap is Leerlingskap, Geloofsvorming, Navolging en Inoefening.

3.1. Dissipelskap as Leerlingskap (Hoogland-Leefstylgids – Dissipelskap bladsy 16-17)

- 3.1.1. Dissipelskap is om saam met Jesus te leef: Hy is **Here** en Hy is **hier**. Hoe lyk mens se lewe as jy dit verstaan?
- 3.1.2. Dallas Willard se beskrywing van 'n dissipel bevat sekere **kernkonsepte**. Wat beteken dit vir julle?
- *Learner, student, apprentice – always:*
 - Ons soos Jesus te wil wees en jou lewe so in te rig:
 - Om vrug te dra:
- 3.1.3. Ons **leer** om as dissipels van Jesus (ons nuwe realiteite) te leef. Hoe kan julle mekaar met die volgende help (bladsy 17):
- Om anders te leef:
 - Om stadiger te leef:
 - Om te stop:



- Om te leer luister (*attitude of paying attention*):

3.2. Dissipelskap is Geloofsvorming (Hoogland-Leefstylgids – Dissipelskap bladsy 17-18)

- 3.2.1. Geloofsvorming gaan oor radikale innerlike transformasie. Wat beteken die woord *radikale* vir jou?
- 3.2.2. Innerlike transformasie gaan oor *becoming a new kind of person*? Hoe is dit moontlik?
- 3.2.3. Ons het innerlike genesing en heling nodig. Waarmee sukkel mense vandag as ons hieraan dink? Hoe impakteer dit hulle verhouding met God?
- 3.2.4. Hoe word ons geloof gevorm as ons ander mense dien?

3.3. Dissipelskap is Navolging (Hoogland-Leefstylgids – Dissipelskap bladsy 18-19)

- 3.3.1. 'n Dissipel van Jesus leef saam met Jesus en in hierdie saamleef leer ons hoe om te leef. Jesus wil ons leer om in **elke faset** van ons lewe saam met Hom te leef en Hom te volg.
- 3.3.2. Kyk na hierdie die illustrasie van Jesus wat die sentrum van ons lewe is. Kies 2 of 3 fasette en gesels oor hoe daardie faset van die lewe sal lyk as Jesus Here daarvan is.




3.4. Dissipelskap is Inoefening (Hoogland-Leefstylgids – Dissipelskap bladsy 19-20)

- 3.4.1. Verduidelik aan mekaar wat die verskil tussen probeer (*trying*) en inoefen (*training*) is.
- 3.4.2. Deel met mekaar hoe julle deur inoefening dit reggekry het om Jesus se uitnodiging in Matt 6:30-33 te leef (Moet julle nie bekommer nie).

4. Gaan leef

Die **Geloofsgewoonte** wat op bladsy 21 beskryf word help jou om op 'n ander manier te kyk na dissipelskap – om Jesus te volg. Gaan doen die oefeninge en gesels volgende keer oor julle ervaring daarvan.



5. **Afsluiting:**

5.1. Hoe kan julle **verantwoordelikheid** vir mekaar aanvaar om Jesus te volg?

5.2. Bid hierdie **gebed** van Paulus vir mekaar (Ef 3:16-20):

*Ek bid dat Hy deur sy Gees uit die rykdom van sy heerlijkheid
aan julle die krag sal gee om innerlik sterk te word,
dat Christus deur die geloof in julle harte sal woon
en dat julle in die liefde gewortel en gegrondves sal wees.
Mag julle in staat wees om saam met al die gelowiges te begryp
hoe wyd en ver en hoog en diep die liefde van Christus strek.
Mag julle sy liefde ken, liefde wat ons verstand te bowe gaan,
en mag julle heeltemal vervul word met die volheid van God.*

5.3. Sluit af met hierdie **lofprysing** (Ef. 3:20-21)

*Aan Hom wat deur sy krag wat in ons werk,
magtig is om oneindig meer te doen as wat ons bid of dink,
aan Hom kom die eer toe, in die kerk, deur ons verbondenheid met Christus Jesus,
deur al die geslagte heen tot in alle ewigheid.
Amen.*